RINGSPROJEK – MULTIKULTURELE UITREIKE

Ontstaan:

Die uitreike onder die buitelanders in Sentraal het reeds in 2004 begin toe Past Robert Bagna (oorspronklik) van Ghana die kerkraad van N.G. Kerk P.E.-Sentraal genader het i.v.m. met die gebruik van hulle kerksaal vir eredienste. Hierna sou ‘n besondere verhouding en vriendskap ontstaan tussen N.G. Kerk P.E.-Sentraal en Deeper Research Bible Ministry (DRBM). Die leraar van Sentraal het al by verskeie geleenthede gepreek by DRBM en so ook Past Bagna by Sentraal.

‘ n Jaar gelede, Augustus 2007, het een van die EEIII spanlede ‘n versoek aan die span gerig dat daar uitgereik word na die dwelmhandelaars in Victoriastraat en Westernweg. Tot op hede het die span hoofsaaklik uitgereik na blanke Afrikaanssprekendes. Na daardie eerste uitreik sou die evangelisasie-aksie van Sentraalgemeente nooit weer dieselfde wees nie.

Bybels:

Reeds na die eerste besoek sou daar besef word watter nood daar aan Bybels in Sentraal is. Met die eerste uitdeel van 4 Bybels het ‘n groep Nigeriërs letterlik gestamp en gestoot om elkeen sy eie Bybel te ontvang. Tot op hede is meer as 495 Bybels uitgedeel.
Nou onlangs op Sondag 13 Augustus 2008 het Sentraal ‘n uitstalling van Bybels gehad om saam te val met die 75jarige viering van die Afrikaanse Bybel. Twee persone het hulleself gehelp met Bybels, omdat hulle onder die indruk was dat die Bybels gratis beskikbaar was en hulle nie Bybels gehad het nie.

Evangelisasiespanne

Twee verskillende spanne gaan uit op besoekwerk, een op Dinsdagaande en ‘n ander op Vrydagaande. Straatevangelisasie word gedoen asook woonstelle en huise word besoek. Mense van Zimbabwe, Nigerië, Mosambiek, Ghana, Kenia, Somalië, Ivoorkus, Kongo ens. is al besoek. Van die begin van die jaar (2008) tot nou het die spanne gemiddeld meer as 580 kontakte gemaak en is die Evangelie meer as 150 keer gedeel.

Eredienste

Eredienste word tweetalig aangebied met die grootste klem op Afrikaans. Vir die dele van die eredienste wat in Afrikaans aangebied word, word van tolke gebruik gemaak. Liedere word in Engels en Afrikaans gesing. Dele van die liturgie en Skriflesings word ook in albei tale gedoen.

Paasnaweekkamp 2008

Die jaarlikse gemeentekamp te Zuurberg het bestaan uit +- 45 kampers waarvan 4 swart was (3 Nigeriërs en 1 Xhosa). Die kamp is in Engels gehou en Bybelstudies was tweetalig beskikbaar.

Pinkster & Alpha kursus

Die Alpha kursus is tydens Pinkster aangebied met groot sukses. Die DRBM van Past Bagna het die Pinkster saam met die lidmate van Sentraal bygewoon vir 10 aaneenlopende geleenthede. Hierdie Pinkster was ‘n mylpaal in die geskiedenis van Sentraal en vir baie lidmate was dit ‘n baie bemoedigende en inspirerende geleentheid. Die Pinkster was gemiddeld deur 70 persone bygewoon waarvan ongeveer die helfte anderskleuriges was.

Ramah Rescue

Schalk en Bonnie van Niekerk het aan die begin van die jaar by die gemeente aangesluit uitsluitlik met die roeping om die gebroke mense (dwelm en alkohol verslaafdes, prostitute, mishandelde vroue, straatkinders ens.) van Sentraal te help. Hy het ‘n NPO (Bold Moves) begin waaronder Ramah Rescue funksioneer. Aanvanklik is ‘n huis in Cuylerstraat gehuur met die doel om te dien as ‘n “Rescue House / Veilige Hawe” vir mense in onmiddellike nood, maar die huur het ongelukkig te duur geword. Tans huur Ramah Rescue ‘n huis wat goedkoper is in Russelweg. Deur Ramah Rescue het die gemeente van Sentraal die voorreg gehad om vir ‘n tyd lank ‘n geestelike pad te stap met 3 prostitute. Een dame is tans ten volle by die gemeente ingeskakel en is sterk besig om te groei. Ramah Rescue is ook besig om tans versorging te bied vir 3 gerehabiliteerde dwelmverslaafdes.

Weeklikse Nasorg

Daar word tans op ‘n weeklikse basis nasorgklasse vir die jong gelowiges aangebied. Hier word nie net geestelike waardes en waarhede uit die Skrif behandel nie, maar daar word ook saam geëet en voorbereiding is gedoen ten opsigte van CV’s en werksaansoeke.

Resultate

Aan die einde van 2007 het een van die EEIII lede besluit om die buitelanders wat ons alreeds besoek het te nooi om ‘n film (Cross and the Switchblade) te kom kyk. By daardie geleentheid het 9 Nigeriese dwelmhandelaars hulle lewens vir die Here gegee. Van die 9 besoek 4 nog gereeld die eredienste en waarvan 1 (Christian Emeruwa) ten volle ingeskakel is binne die gemeente. Christian voel tans geroepe om voltyds in die bediening te staan.
Binnelandse swartes is ook bereik met die uitreike. Drie swartes (2 Zulu en 1 Tswana) het hulle lewens vir die Here gegee. Hulle is tans ten volle by die gemeente ingeskakel.
‘n Xhosa man, Sydney Yake, is ook ten volle by ons gemeente ingeskakel. Hy het ‘n roeping as Evangelis en die N.G. Kerk P.E.-Sentraal het dit goed gedink om hom te help om hiervoor te studeer. Hoewel hy net skoolopleiding tot st7 (gr 9) het, het die Eastern Cape Bible Institute ‘n vergunning gemaak en hom ingeskryf as student. Hy is tans besig met sy 3de jaar en die gemeente help hom met die betaling van sy studies.

Uitdagings

* ***Werkloosheid*** is ons grootste uitdaging. Buitelanders kry nie maklik werk nie en meeste van hulle het nie werkspermitte nie. Hulle is dus aangewese op hulle eie inisiatief om vir hulle ‘n inkomste te genereer.
* ***Verblyf*** is die nommer twee uitdaging. Blyplek is duur en die meer bekostigbare plekke is geleë waar die omstandighede maar haglik is. Wanneer hierdie mense tot geloof kom, is dit soms nodig om hulle uit te haal uit hulle huidige verblyf omstandighede waar versoeking en sonde hoogty vier.
* ***Daaglikse versorging*** is ‘n verdere uitdaging. A.g.v. die gebrek aan inkomste is hulle meeste van die tyd van die gemeente afhanklik vir hulle materiële behoeftes.
* ***Kommunikasie*** is ook soms baie frustrerend. Engels is vir hulle en vir die gemeente ‘n tweede taal en die aanpassing is nie altyd maklik nie.
* ***Vrese*** van lidmate. Baie lidmate voel bedreig deur die swartes in die gemeente.
* ***Verandering*** word ook veral deur die ouer lidmate as bedreigend ervaar.
* ***Bybels*** bly steeds ‘n groot behoefte.
* ***Traktaatjies***: Goeie Engelse traktaatjies is ‘n weeklikse behoefte.

Totale Uitgawes tot op hede

Inkomstes :	**Totale**
Oorbetaling vanaf Ring	54,934.00
Uitgawes :	
Traktaatjies	-500.00
Alpha-kursus etes	-2,139.85
Ramah-Rescue (Christian Emeruwa verblyf)	-8,650.00
Ramah-Rescue (Kruideniersware)	-1,800.00
Stoele - Kerk klein groepe (Alpha ens.)	-4,499.52
Bybels	-3,032.00
Drukkostes vir Alpha Kursus	-500.00
Ramah-Rescue (Dep. Russel Road)	-4,000.00
Rama-Rescue Beplanning naweek	-1,300.00
Kos - Vasco, Orchid en Shelton	-800.00
Komberse - Vasco, Orchid en Shelton	-150.00
Verblyf - Vasco, Orchid en Shelton	-550.00
	27,012.63

Gillie Noeth
10 September 2008